2007-02-05 Die Burger

Komitee erken FFK se rol

JACO LEUVENNINK

KAAPSTAD. – Heelwat vrae rondom formele verslagdoening, die onafhanklikheid en rol van die Finansiële en Fiskale Kommissie (FFK) is Vrydag in die parlement gevra.

Die FFK, wat ingevolge die grondwet aanbevelings moet doen oor die verdeling van die staatsinkomste tussen die drie regeringsvlakke, het voor die parlement se ad hoc-komitee verskyn wat 'n hersiening doen van instellings gestig ingevolge artikel 9 van die grondwet om die demokrasie te versterk.

Dr. Bethuel Setai, voorsitter en uitvoerende hoof van die FFK, moes bontstaan om te verduidelik waarom daar geen formele meganismes of protokol is waarvolgens die FFK se onpartydigheid gemeet kan word, verslag aan die parlement gedoen moet word, of met die minister van finansies beding moet word oor geldtoekennings rakende die nasionale begroting nie.

Komiteelede onder aanvoering van die voorsitter oud-minister Kader Asmal wou ook onder meer weet of dit gesond is dat die voorsitter en uitvoerende hoof een pos is, of dat daar geen duidelike onderskeid tussen die kommissielede en die amptenary van die FFK is nie, hoe konflikte opgelos, salarisse bepaal, prestasiebeoordeling van die topvlak gedoen word en of die FFK ná 13 jaar steeds 'n bestaansreg en rol het.

Setai en sy span het toegegee dat die groter klarigheid oor die kommissie se verantwoordbaarheid teenoor die parlement sy rol sal versterk.

Hulle was egter van mening dat die FFK tot dusver 'n waardevolle rol gespeel het en dat dit in die algemeen goed werk en belangebotsings bevredigend hanteer word.

Die kommissie speel reeds 'n rol om instellings in die res van Afrika ook te help, wat nie in sy formele mandaat is nie.

Slegs sowat 30% van die aanbevelings van die FFK is die afgelope sowat 10 jaar nie aanvaar nie. Nog 'n suksesstorie is die feit dat die voorstel rakende 'n veelfase-begrotingstelsel, wat uitgeloop het op die huidige driejaar-mediumtermynbegrotingsraamwerk, oorspronklik vanaf die FFK kom.